

9 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 31

Fokusgedeelte: Psalm 31:22, 25

Loof die Here, want Hy bewys sy trou

As jy 'n planmaker-pa gehad het, gaan jy dié beeld goed verstaan: My pa was een van daardie pa's wat altyd 'n plan kon maak. Maak nie saak of iets gebreek het, of ons verdwaal het of wat ook al verkeerd gegaan het nie. Hy het 'n plan gemaak en meestal het dit gewerk. Die gevolg hiervan was dat ek in krisistye groot rustigheid gehad het. Ja, ek sou ook as 'n krisis opduik, gespanne raak en dink: Wat nou?, maar dan het ek onthou: Pa sal mos 'n plan kan maak! Hy het al soveel kere, so waarom nie dié keer nie?

In Psalm 31 doen die Psalmdigter presies dit, maar net met ons volmaakte Vader in die hemel. Dis duidelik dat sy krisis groot is. Hy is angstig, veral aan die begin. Hy draai egter, soos sy gewoonte was, na die Here toe. Keer op keer hoor ons die woorde: U is getrou! Ek vertrou op die Here! En dan gee die Here uitkoms. In ons eerste teksvers (vs. 22) loof die Psalmdigter die Here daarvoor.

In vers 25 roep hy ons op almal op: Wees dus sterk en hou goeie moed, julle almal wat julle vertrou in die Here stel. Waarom kan ons dit doen? Want ons weet mos nou al, net soos die Psalmdigter, dat ons Hom kan vertrou. Ons kan teruggedink aan al ons krisistye en hoe die Here ons nie alleen gelos het nie; hoe Hy 'n plan gemaak het; hoe Hy ons daardeur gedra het.

Die grootste van hierdie planne was natuurlik die dag toe Hy self aarde toe gekom het en uiteindelik aan die kruis in ons plek gesterf het. Daardeur het Hy ons grootste krisis aangespreek: Die ewige dood, 'n ewige lewe sonder Hom. Jesus sterf sodat ons kan lewe. Daardie daad van verlossing, van trou, van liefde, is so groot dat ek nooit in Hom hoef te twyfel nie, selfs al lyk dit soms in my oomblik van swaarkry asof Hy nie onmiddellik gaan uitkoms gee nie. Die vraag is of ons genoeg daaraan teruggedink en dit daagliks deel van ons lewe maak?

Sing: Psalm 34:1, 2 (Totius)

Ds. TF Dreyer (Randburg)